

Hoofstuk van die dag: Johannes 17

> *Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. (vers 10)*

Ek moes hierdie woorde van Jesus twee keer lees om mooi te

verstaan wat Hy sê, want dit is eenvoudig verstommend. “Ek word deur hulle verheerlik” (vers 10b). Deur ons optrede word Jesus in die wêreld geëer. My en jou optrede maak die mag van Jesus in hierdie wêreld sigbaar.
Jesus vereenselwig Hom só volledig met ons dat ons sy liggaam genoem word (1 Kor 12:27.). Wat ons as gelowiges doen, raak Hom ten diepste, reflekteer op Hom, en moet Hom verheerlik. Dis nou, as ons ons roeping as gelowiges reg uitleef; as Hy in ons leef (Gal 2:20).
Dit maak my benoud as ek oor myself dink, want die vraag kom onwillekeurig by my op of ek aan die hoë verwagting van Christus beantwoord. En of ons as liggaam van Christus regtig die Here verheerlik. Daar is net te veel dwarstrekkery en bakleiery in die kerk. Dikwels is ons eerder ’n bespotting as ’n verheerliking vir Hom.
En tog! Dis wat Jesus van jou en my glo en verwag. Ons mag Hom nie teleurstel nie. Hy bid dit dan vir ons!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026